Departement Ekonomie

Ekonomie 381
(12084 - 381)
Omgewingsekonomie
Owerheidsekonomie
Institusionele Ekonomie

Owerheidsekonomie
Submoduleraamwerk
2021

Inhoud

1. Inleiding 3
2. Oogmerk en uitkomste van die submodule 3
3. Voorgeskrewe materiaal 3
4. Aanlyn-aanbieding gedurende die tweede kwartaal 4
5. Lesingskedule 4
   5.1. Tema 1: Inleiding 4
   5.2. Tema 2: Markmislukking 5
   5.3. Tema 3: Openbare keuse en owerheidsmislukking 7
   5.4. Tema 4: Finansiering van owerheidsaktiwiteite 8
   5.5. Tema 5: Interowerheids- fiskale verhoudinge 9

1. INLEIDING

Welkom by die Owerheidsekonomie-submodule van Ekonomie 381. Ons vertrou dat jy dit interessant en nuttig sal vind. Hierdie dokument bevat die uitkomste van die sub-module, lys die voorgeskrewe materiaal, en bied 'n voorlopige lesingskedule met die leeswerk en uitkomste van elke sessie. Gebruik dit asseblief saam met die algemene moduleraamwerk vir Ekonomie 381, wat belangrike inligting oor assessering en administratiewe kwessies bevat.

2. OOGMERK EN UITKOMSTE VAN DIE SUBMODULE

Besteding deur die openbare sektor beloop meer as een derde van Suid-Afrika se BBP. Hoewel hierdie syfer reeds veelseggend is, is dit nie 'n volledige aanduiding van die rol wat die openbare sektor in die Suid-Afrikaanse ekonomie speel nie. Die owerheid oefen ook deur middel van regulering en die finansiering van besteding groot invloed op private ekonomiese bedrywigheid uit. Teen dié agtergrond gee die Owerheidsekonomie-komponent van die module aandag aan die volgende vrae:

- Waarom speel die openbare sektor so 'n groot rol in gemengde markekonomieë soos dié van Suid-Afrika?
- Watter implikasies hou so 'n omvangryke owerheidsektor en -betrokkenheid vir die ekonomie en sy deelnemers in?

Jy sal ná die suksesvolle voltooiing van dié deel van die module in staat te wees om:

- Doeltreffendheids- en billikheidsgronde vir owerheidsinmenging in markekonomieë uiteen te sit.
- Die optrede van kiesers, politici, en regeringsamptenare te bespreek.
- Politieke en ander faktore wat dikwels tot die mislukking van owerheidsinmenging in markekonomieë aanleiding gee, te verduidelik.
- Doeltreffendheids- en billikheidsimplikasies van die finansiering van owerheidsuitgawes deur middel van belasting te bespreek.
- Ekonomiese gevolge van persoonlike inkomstebelasting te evalueer.
- Die verdeling van verantwoordelikhede tussen regeringsvlakke en die gebruik van interowerheidstoekennings om owerheidsaktiwiteite te finansier, te bespreek.

Die kennis wat verwerf word deur die inhoud van hierdie deel van die module te bestudeer, maak dit moontlik om die gevolge van die rol van die owerheid in die gemengde markekonomie te verduidelik en te ontleed.

3. VOORGESKREWE MATERIAAL

Die volgende boek is vir hierdie deel van die module voorgeskryf:

Calitz, E., F.K. Siebrits en T.J. Steenekamp (2020). *Public Economics*. 7de uitgawe. Kaapstad: Oxford University Press Southern Africa.

Die handboek is in gedrukte en e-boekformaat beskikbaar. Jy kan die e-boek van verskeie aanlyn-platforms bestel, of van die uitgewer se webruimte by:

https://www.oxford.co.za/shop#?search=Public%20Economics&size=12&sortby=titleasc&page=1&booktype=ebook.

Bykomende bronne mag van tyd tot tyd beskikbaar gemaak word. Dosente sal inligting oor sulke bronne op SUNLearn verskaf.

4. AANLYN-AANBIEDING GEDURENDE DIE TWEEDE KWARTAAL

Jy is vroeër in kennis gestel dat die Owerheidsekonomie-deel van die module tydens die tweede kwartaal aanlyn aangebied sal word. Die volgende dosente sal in dié tydperk navrae hanteer en aanlyn-vraag-en-antwoordsessies aanbied:

Naam	Kantoor	E-posadres	Telefoon-nommer	Spreekure
Dr FK Siebrits	Schumann 509a	krigesiebrits@sun.ac.za	021 808 2234	Per afspraak
Prof AI Jansen	Schumann 510	ada@sun.ac.za	021 808 2737	Per afspraak

Die datums en tye van die MS Teams vraag-en-antwoordsessies word in die onderstaande tabel gelys. Neem asseblief kennis dat die "sessies" waarna in die tabel verwys word uit die lesingskedule in Afdeling 5 van hierdie dokument kom. Hoewel formele lesings nie in die tweede kwartaal aangebied sal word nie, word hierdie sessies steeds in die lesingskedule getoon om jou te help om sistematies deur die voorgeskrewe materiaal te werk.

Datum en Tyd	Onderwerp (Sessies)	Dosent
Vrydag 14 Mei (10:00-10:50)	Inleiding (1)	Dr FK Siebrits
Vrydag 21 Mei (10:00-10:50)	Die vertrekpuntmodel (2-3)	Prof AI Jansen
Vrydag 28 Mei (10:00-10:50)	Openbare, gemengde, verdienstelike goedere (4-5)	Prof AI Jansen
Vrydag 4 Junie (10:00-10:50)	Eksternaliteite (6-7)	Prof AI Jansen
Vrydag 11 Junie (10:00-10:50)	Onvolmaakte mededinging en regulering (8-9)	Dr FK Siebrits
Vrydag 18 Junie (10:00-10:50)	Billikheid en sosiale welvaart (10-11)	Dr FK Siebrits

Jy sal vooraf per e-pos na hierdie sessies uitgenooi word, en opnames sal agterna op SUNLearn beskikbaar gestel word.

5. LESINGSKEDULE

5.1. TEMA 1: INLEIDING

Sessie 1: Inleiding tot Owerheidsekonomie (12/05/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Die studieveld van owerheidsekonomie te omskryf
- Te onderskei tussen die hoof- institusionele kategorieë van die openbare sektor
- Hoofkenmerke en neigings in die grootte en samestelling van die openbare sektor in Suid-Afrika te bespreek
- ’n Oorsig te gee van verskillende sieninge van die rol van die staat in die ekonomie
- Aspekte van die verwantskap tussen die openbare sektor en die res van die ekonomie te bespreek

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 1

Sessie 2: Die vertrekpuntmodel (1) (14/05/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Die aannames van die tweesektormodel te omskryf
- Te verduidelik wat met 'n Pareto-optimale toedeling van bronne bedoel word
- Die drie voorwaardes vir 'n algemene ewewig te bespreek

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 2 (Afdelings 2.1 – 2.2)

Sessie 3: Die vertrekpuntmodel (2) (19/05/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Tussen allokasie doeltreffendheid, X-doeltreffendheid, en dinamiese doeltreffendheid te onderskei
- Die kategorieë van markmislukking te bespreek
- Die drie funksies van die owerheid te bespreek
- Tussen direkte en indirekte vorme van owerheidsinmenging te onderskei

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 2 (Afdelings 2.3 – 2.7)

5.2. TEMA 2: MARKMISLUKKING

Sessie 4: Openbare goedere en dienste (1) (21/05/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Tussen private en suiwer openbare goedere en dienste te onderskei
- Die voorwaardes vir die optimale toewysing van private en openbare goedere en dienste met behulp van aanbod- en vraagontleding af te lei

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 3 (Afdelings 3.1 – 3.3)

Sessie 5: Openbare goedere en dienste (2) (26/05/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Te verduidelik waarom markte nie suiwer openbare goedere en dienste kan voorsien nie
- Owerheidsvoorsiening van suiwer openbare goedere en dienste te bespreek
- Die onderskeid tussen die finansiering van openbare goedere en dienste en hul fisiese produksie te verduidelik
- Gemengde en verdienstelike goedere en dienste te definieer
- Die voorsiening van gemengde en verdienstelike goedere en dienste te bespreek

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 3 (Afdelings 3.4 – 3.5)

Sessie 6: Eksternaliteite (1) (28/05/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Die begrip "eksternaliteite" te verduidelik en die belangrikste soorte eksternaliteite te identifiseer
- Die gevolge van positiewe en negatiewe eksternaliteite met behulp van aanbod- en vraag-ontleding te verduidelik

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 3 (Afdeling 3.6)

Sessie 7: Eksternaliteite (2) (02/06/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Die belangrikste beleidsopsies om eksternaliteite reg te stel, te bespreek
- Voorbeelde te verskaf van globale en streeks- openbare goedere en eksternaliteite en beleidsimplikasies te bespreek

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 3 (Afdelings 3.7 – 3.8)

Sessie 8: Allokasie-doeltreffendheid, onvolmaakte mededinging en regulering (1) (04/06/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Die sosiale kostes van monopolie te bespreek
- 'n Lys te maak van die kenmerkende eienskappe van natuurlike monopolieë
- Die konvensionele beleidsbenaderinge en die "nuwe model" vir die hantering van natuurlike monopolieë te bespreek

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 4 (Afdelings 4.1 – 4.3)

Sessie 9: Allokasie-doeltreffendheid, onvolmaakte mededinging en regulering (2) (09/06/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Die rasionaal en gevolge van die privatisering van staatsmonopolieë te bespreek
- Kenmerke en gevolge van bekende soorte ekonomiese regulering te bespreek
- Hindernisse tot goeie ekonomiese regulering in ontwikkelende lande te bespreek

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 4 (Afdelings 4.4 – 4.5)

Sessie 10: Billikheid en sosiale welvaart (1) (11/06/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Tussen die Pareto-kriterium en Bergson-kriterium vir welvaartsverbeterings te onderskei
- Nozick se aanspraakteorie en die relevansie daarvan vir Suid-Afrika te bespreek

- Te verduidelik hoe herverdeling van inkomste aan die hand van die teorie van eksternaliteite regverdig kan word

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 5 (Afdelings 5.1 – 5.3)

Sessie 11: Billikheid en sosiale welvaart (2) (18/06/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Tussen die kardinale en ordinale sosiale welvaartsfunksies te onderskei
- Die begrip "welvaartsmaksimum" te bespreek
- Die doeltreffendheidsimplikasies van beleid gemik op herverdeling van inkomste van rykes na armes te bespreek

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 5 (Afdelings 5.4 – 5.5)

5.3. TEMA 3: OPENBARE KEUSE EN OWERHEIDSMISLUKKING

Sessie 12: Openbare keuse-teorie (1) (11/08/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Die voordele en nadele van eenparigheidstemreël te bespreek
- Rawls se regverdigheidsteorie en die relevansie daarvan vir politieke gebeure in Suid-Afrika te bespreek
- Die mediaankieser-teorie te verduidelik en potensiële sterkpunte en tekortkominge van dié teorie te bespreek

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 6 (Afdelings 6.1 – 6.3)

Sessie 13: Openbare keuse-teorie (2) (13/08/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Arrow se onmoontlikheidstelling te bespreek
- Te verduidelik of stemhandel 'n doeltreffende wyse is om die uitkoms van 'n meerderheidskiesstelsel te verbeter
- Die optimale stemreël-teorie te bespreek

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 6 (Afdelings 6.4 – 6.6)

Sessie 14: Owerheidsmislukking (18/08/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Die maksimerende gedrag van politici, burokrate en belangegroepe en die bydrae daarvan tot owerheidsmislukking te bespreek
- Die konsep van gewinsoeke en die gevolge daarvan te verduidelik

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 6 (Afdeling 6.7)

5.4. TEMA 4: FINANSIERING VAN OWERHEIDSAKTIWITEITE

Sessie 15: Inleiding tot belasting en belastingbillikheid (1) (20/08/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- 'n Lys te maak van die verskillende bronne van owerheidsinkomste
- 'n Belastingbasis te definieer en die struktuur van belastingkoerse te omskryf
- Te onderskei tussen algemene en selektiewe, spesifieke en ad valorem, en direkte en indirekte belastings
- 'n Lys te maak van die eienskappe van 'n goeie belasting
- Te verduidelik wat 'n billike belasting is

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 11 (Afdelings 11.1 – 11.4)

Sessie 16: Inleiding tot belasting en belastingbillikheid (2) (25/08/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Tussen die statutêre en ekonomiese las van 'n belasting te onderskei
- Parsiële ewewigsontleding van belastingafwenteling te doen

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 11 (Afdeling 11.5)

Sessie 17: Belastingdoeltreffendheid (1) (27/08/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Te verduidelik wat belastingdoeltreffendheid is
- Indifferensiekurwe-ontleding te gebruik om belastings se oortollige las te vergelyk
- Die verbruikersurplusbenadering te gebruik om die omvang van die oortollige las te bepaal

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 12 (Afdeling 12.1 – 12.2.1)

Sessie 18: Belastingdoeltreffendheid (2) (01/09/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Te verduidelik hoe pryselastisiteit van vraag die grootte van oortollige las beïnvloed
- Te verduidelik hoe belastingkoerse die oortollige las beïnvloed
- Te verduidelik wat met die "administratiewe doeltreffendheid" van 'n belasting bedoel word

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 12 (Afdelings 12.2.2 – 12.4)

Sessie 19: Persoonlike inkomstebelasting (1) (03/09/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Die omvattende inkomstebelastingbasis te definieer
- Internasionale beginsels vir die belasting van inkomste te bespreek

- Te verduidelik hoe persoonlike belastingaanspreeklikheid bereken word
- Te verduidelik wat 'n progressiewe persoonlike inkomstebelasting is en hoe progressiwiteit verkry word

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 13 (Afdelings 13.1 – 13.3)

Sessie 20: Persoonlike inkomstebelasting (2) (08/09/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Die gevolge van die persoonlike inkomstebelasting op ekonomiese doeltreffendheid te bespreek
- Die doeltreffendheidsgevolge van 'n selektiewe belasting op rente-inkomste te verduidelik
- Die billikheidsgevolge van die persoonlike inkomstebelasting te bespreek
- Administratiewe doeltreffendheidsaspekte van die persoonlike inkomstebelasting te bespreek

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 13 (Afdeling 13.4)

5.5. TEMA 5: INTEROWERHEIDS- FISKALE VERHOUDINGE

Sessie 21: Fiskale federalisme (1) (10/09/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Die rasionaal vir fiskale desentralisasie met verwysing na die Tiebout-model, openbare keuse-idees, en ander redes te verduidelik
- Die redes vir fiskale sentralisasie te bespreek
- Riglyne vir die toekenning van bestedings- en inkomsteverantwoordelikhede tussen verskillende regeringsvlakke te bespreek
- Tussen belastingmededinging en belastingharmoniëring te onderskei

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 19 (Afdelings 19.1 – 19.4)

Sessie 22: Fiskale federalisme (2) (15/09/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Leningsmagte en staatskuldbestuur op subnasionale vlak te bespreek
- Tussen verskillende tipes interowerheidstoekennings te onderskei, redes vir sulke toekennings te verskaf, en die gevolge van hierdie toekennings te ontleed
- Die gevolge van verskillende tipes interowerheidstoekennings te verduidelik

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 19 (Afdelings 19.5 – 19.6)

Sessie 23: Fiskale federalisme (3) (17/09/2021)

Hierdie sessie behoort jou in staat te stel om:

- Die toedeling van bestedingsverantwoordelikhede en inkomstebronne tussen verskillende regeringsvlakke in die Suid-Afrikaanse Grondwet te bespreek
- Die rol van die Finansiële en Fiskale Kommissie in inkomstedeling in Suid-Afrika te verduidelik
- Sleutel- finansieringskwessies van provinsies en plaaslike owerhede in Suid-Afrika te bespreek

Voorgeskrewe leeswerk: Hoofstuk 19 (Afdeling 19.7)